



Lêerno.: 3/3/4/2/6
Verwysing: 20240917-6819

Omsendbrief: 0036/2024
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Prinsipale van gewone openbare en spesiale skole en Lede van beheerliggame

Kort opsomming: *Aanwysing van spesifieke dienste as noodsaaklike dienste in gewone openbare primêre skole, skole vir leerders met spesiale onderwysbehoefte en kosskole.*

Onderwerp: Dienste in gewone openbare primêre skole, skole vir leerders met spesiale onderwysbehoefte en kosskole wat as noodsaaklike dienste aangewys is

1. Aanwysing van noodsaaklike dienste

- 1.1 Die komitee vir noodsaaklike dienste (*Essential Services Committee*) van die Departement van Indiensneming en Arbeid het Algemene Kennisgewing 2190 van 2023 in *Staatskoerant* No. 49757 van 24 November 2023, wat aangeheg is, gepubliseer. Ingevolge artikel 71 (8) van die Wet op Arbeidsverhoudinge (Wet 66 van 1995), het die komitee vir noodsaaklike dienste die volgende dienste, wat in paragraaf B van Algemene Kennisgewing 2190 van 2023 gelys word, onder artikel 71 (7) van voorgenoemde wet as noodsaaklike dienste aangewys:
 - (a) Die verskaffing van voedsel aan leerders van openbare primêre skole; en
 - (b) Die versorging van kinders in skole vir leerders met spesiale onderwysbehoefte.
- 1.2 Die komitee vir noodsaaklike dienste het Kennisgewing 271 van 2019 in *Staatskoerant* No. 42464 van 17 Mei 2019, wat aangeheg is, gepubliseer. In paragraaf 2 van hierdie kennisgewing word die volgende dienste by kosskole as noodsaaklike dienste aangewys:
 - (a) Dienste by kosskole wat deur huisouers gelewer word;
 - (b) Sanatoriumdienste/verskaffing van medikasie aan leerders in kosskole; en
 - (c) Sekuriteit by kosskole.

2. **Beperkings op die reg om te staak en kategorieë personeel**

2.1 Ingevolge artikel 65(1)(d) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, word personeel wat gemoeid is met die lewering van noodsaaklike dienste en instandhoudingsdienste belet om deel te neem aan 'n staking of uitsluiting of enige optrede of gedrag gemik op of ter bevordering 'n staking of uitsluiting. Soos uiteengesit in artikel 65 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, word personeel van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) wat regstreeks gemoeid is met die lewering van die volgende dienste dus nie langer toegelaat om deel te neem aan stakings en verwante optrede nie:

- (a) Verskaffing van voedsel aan leerders by openbare primêre skole.
- (b) Versorging van leerders in skole vir leerders met spesiale onderwysbehoefte.
- (c) Dienste by kosskole wat deur huisouers gelewer word.
- (d) Sanatoriumdienste/verskaffing van medikasie aan leerders by kosskole.
- (e) Sekuriteit by kosskole.

2.2 'n Sekondêre uitsluiting van deelname aan stakingsoptrede het betrekking op ondersteuningspersoneel wat verantwoordelik is vir die verskaffing en handhawing van die noodsaaklike dienste by skole. Sonder die vermeldde personeel wat hierdie dienste lewer, kan geen dienste van enige voedingskema by skole wat geraak word, gelewer word nie. Die ondersteuningspersoneel wat by die verkryging en betaling van voedselverskaffers van die Nasionale Skoolvoedingsprogram betrokke is, word ook belet om deel te neem aan 'n staking of soortgelyke optrede, soos in artikel 65 van die Wet op Arbeidsverhoudinge gestipuleer.

3. **Geskille ten opsigte van noodsaaklike dienste**

3.1 Artikel 74(1)(a) en (b) van die Wet op Arbeidsverhoudinge bepaal dat enige party by 'n geskil wat deelname aan stakings of uitsluitings belet word omdat daardie party met 'n noodsaaklike diens gemoeid is, kan die geskil skriftelik verwys na—

- (a) 'n raad, indien die partye by die geskil binne die geregistreerde bestek van daardie raad val; of
- (b) Die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie, indien daar nie 'n raad is wat jurisdiksie het nie.

3.2 Artikel 74 van die Wet op Arbeidsverhoudinge maak ook voorsiening vir skadevergoeding (regres) aan enige party wat met noodsaaklike dienste gemoeid is om 'n geskil by die tersaaklike raad te verklaar. Sodanige raad sal poog om die geskil te besleg in ooreenstemming met die voorgeskrewe prosedures wat in hierdie artikel uiteengesit word.

4. Alle navrae met betrekking tot hierdie omsendbrief en die tersaaklike wetgewing moet gerig word aan die Subdirektoraat: Adviesdienste in die Direktoraat: Werknemerverhoudinge.

5. Direkteure in die Direkoraat: Verkrygingsbestuur en die Direkoraat: Finansiële Rekeningkunde, asook prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag te bring van alle WKOD-ondersteuningspersoneel wat regstreeks en onregstreeks by die lewering van noodsaaklike dienste betrokke is.

GETEKEN: B WALTERS

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2024-11-07